# 8 *Dinsdag*

**SKRIFGEDEELTE: JOB 6 EN 7**
**FOKUSGEDEELTE: JOB 6:11-30**

**Vriendskap gevra – selfs teenoor 'n "afvallige"**

"Niemand verstaan my nie!" Dis seker een van die ergste klagtes wat jy en ek in swaarkrytye kan uitsug.

Dis ook Job se hartseer oor sy vriende. Selfs die ietwat "simpatieke" Elifas begryp nie die diepte van sy klagte nie. Hulle verstaan nie dat "pyle van die Almagtige hom deurboor" en "verskrikkinge van God" hom bedreig nie (6:4). Daarom kan hulle hul ten ene male net nie in sy wanhoop en verbittering teen God inleef nie (7:11). Inteendeel, "waarom-vrae" (3:11, 12, 20, 23) klink vir hulle soos die vrae van 'n afvallige, iemand wat die Almagtige laat vaar het (6:14 OAV).

Job redeneer nou voort in antwoord op hulle standpunte. Hy sê: "Vir die moedelose móét daar liefde wees van die kant van sy vriend, ook al laat hy die vrees vir die Almagtige vaar" (6:14). Al skrik hulle vir hom en die skor klanke van sy wanhoop (6:21, 26), móét ware vriende tog kan verstáán. Jy kan mos nie 'n vriend wat só radeloos en wanhopig is dat selfs sy geloof wankel, sommer net veroordeel nie! Watter soort vriende is julle! Help my ten minste om te verstaan wat met my gebeur (6:24). Intussen bly ek nie stil nie. Ek is tog nie 'n klip nie? (6:12.)

Het jy en ek dalk al ons rug op 'n "afvallige" gekeer – of dra ons mekaar se laste? Dis tog die wet van Christus (Gal 6:1, 2)?

*Sing: Psalm 43:1*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*